



Lêerno.: 22/2/6/1

Verwysing: 20240115-784

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0001/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Vakadviseurs en Prinsipale van sekondêre skole

**Onderwerp: Wenke vir Sukses-boekies vir Nasionale Senior Sertifikaat-kandidate in 2024**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement het die *Wenke vir Sukses*-boekie vir elk van die Wes-Kaap se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) kandidate van 2024 saamgestel om hulle met hul eksamenvoorbereiding te help. Die boekie bevat studiewenke, eksamenwenke, beursinligting, 'n kursusoorsig van alle vakke, VR-kodes vir telematikavideo's en ander nuttige inligting.
2. 'n Digitale weergawe van die boekie kan via die volgende skakel verkry word: <https://wcedonline.westerncape.gov.za/tips-success>.
3. Boekies sal ook vir alle graad 12-kandidate gedruk word en gaan aan die begin van Kwartaal 1 by distrikskantore beskikbaar wees.
4. Om te verseker dat hierdie boekies doeltreffend benut word om kandidate met hul eksamenvoorbereiding te help, **moet onderwysers die inhoud van die boekie met hul graad 12-klasse bespreek** en kandidate aanmoedig om dit optimaal gedurende die verloop van die jaar te gebruik.
5. Toegang tot vorige NSS-eksamenvraestelle en nasienmemoranda kan verkry word by <https://wcedonline.westerncape.gov.za/documents/Matric/matric-n/index.html>.
6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 12-onderwysers.

**GETEKEN:** H MAHOMED

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2024-01-22

